Ontmoeting 12

Resep vir 'n Gelukkige Gemeente

Die eerste gemeente het getuig, in huise bymekaargekom en wonderwerke beleef.

In hierdie ontmoeting gaan kinders ontdek dat die beginsels van die eerste gelowiges se lewenswandel en byeenkomste steeds vandag toegepas kan word, alhoewel ons in ander omstandighede lewe.

Teks: Handelinge 2:42, 44-47

Hulpmiddels:

- Ballonne met die 6 G woorde op:
  - ◊ GEDEEL
  - ◊ GESORG
  - ◊ GEËET / GEKUIER
  - ◊ GELEER (Bybel)
  - ◊ GESING
  - ◊ GEBID
- 'n Koekie om te deel (soos 'n Oreo)
- Bestanddele vir koekbak (of enige ander resep). Elke bestanddeel moet ook 'n nuwe etiket hê, bv. meel word "bid" en suiker word "lofprys". Daar moet 'n paar bestanddele wees wat nie pas nie, bv. peper, asyn of tamatiesous wat gemerk is met ander etikette, bv. "stry", "selfsug", "jaloers", ens.
- Afskrifte van die gebedsblokkie patroon
- Inkleurkryte en skêre
- Kolwyntjies of Mariekoekies om te versier
- Versiersuiker en ander lekkernye om koekies mee te versier
- Papier en stokkies vir vlaggies
- A5-grootte kartonne, koeverte, roomysstokkies en koki's

WELKOM

Hoë energie speletjie

Maak groepies van... (noem 'n getal)

Vind almal met dieselfde (geboortemaand / geliefkoosde kleur / dier / skoengrootte / soort tandepasta, ens.

Toepassing: daar is altyd iets wat ons in gemeen het in enige groep. As ons moeite doen, kan ons mekaar beter leer ken.

Spaghetti speletjie

Almal maak 'n groot knoop as groep deur saam te bondel, steek eers regterhande uit en neem iemand anders se hand en doen dit dan weer met die linkerhande. Probeer sonder om te los te ontknoop sodat almal in 'n sirkel staan. (Wenk: sommige gaan na binne kyk en ander na buite.)

"Debrief" enige konflik of ervarings.

Toepassing: Dit verg goeie kommunikasie en spanwerk om saam iets reg te kry.

Rustige speletjie

Die onmoontlike deel: Deel 1 koekie regverdig tussen ongeveer 8 kinders.

Toepassing: Dit is moeilik om te deel as daar min is. Dit verg samewerking, mededeelsaamheid en 'n goeie gesindheid.

Jenga: Speel Jenga. Almal moet saamwerk om die toring te bou. Alternatiewelik kan torings van klippe, blokkies, bottelproppies

of toiletrolletjies gebou word.

Liedjies "Maak my 'n instrument"
"Bind us together Lord"
"This little light of mine"

WYDING

Temalied: Kingdom rock: "We will stand together"

Stilword-ritueel : soos by ontmoeting 8.

WOORD

Wie van julle het al kos gemaak of iets gebak? *(Kry terugvoer.)* Wie het jou geleer? *(Kry terugvoer.)*

Vandag op die televisie is daar baie programme waarin mense vir jou wys hoe om te kook of bak of waar hulle 'n kompetisie het oor kosmaak. Kan julle dink aan voorbeelde? *(Masterchef, Koekedoor, Clover Little Big Cook Off, Braai Master)*

Of verwys na plaaslike kosmaak kompetisies of 'n ouma met 'n wenresep, ens. *(Vra uit en kry deelname.)*

Kom ons bak 'n koek saam…

Gebruik goeie bestanddele, bv. meel, suiker, eiers, kakao, melk.

Gooi dan "verkeerde" goed by soos tamatiesous, asyn en peper.

As die kinders jou reghelp, voeg dan net weer 'n bietjie suiker by om dit "reg" te maak.

Kry kinders om te kom proe.

Maak die punt dat die regte bestanddele nodig is vir die koek om lekker te proe. NET SO is die regte bestanddele nodig vir 'n gemeente of groep gelowiges om te groei en om 'n verskil te maak.

(Beklemtoon nou al die "G's" as jy praat.) Hierdie week gaan ons luister na die verhaal van die eerste **Ge**lowiges wat 'n **Ge**meente **Ge**vorm het. Hulle het **Ge**glo en daarom ook anders **Ge**leef en ons kan by hulle leer.

Julle het nou **Ge**hoor ek **Ge**bruik baie **G's**. Dit is omdat die 6 G's ons vandag gaan help om die storie van die eerste gemeente te vertel en te onthou.

Lees die teks in die linkerkantse kolom: Handelinge 2:42, 44-47. *(Ons laat vers 43 uit.)*

Hoe sou die *moderne weergawe* van hierdie teks lees vir 'n gewone familie of gemeente vandag? Miskien so…. (Lees nou die regterkantse kolom in kursief gedruk.)

42	Hulle het hulle heelhartig **toegelê** op die leer van die apostels en die onderlinge **verbondenheid,** die gemeenskaplike **maaltyd** en die **gebede**.	*Hulle was mal oor die Bybel, hulle het Bybelstories saam gelees en dit het hulle geleer om die regte dinge te doen. Hulle het nagmaal gebruik en vir mekaar gebid.*
44	Al die gelowiges was **eensgesind** en het alles met mekaar **gedeel**.	*Hulle het nie gestry nie, hulle was gaaf en het wat hulle gehad het met mekaar gedeel.*
45	Hulle het hulle grond en besittings **verkoop** en die geld aan almal **uitgedeel** volgens elkeen se behoefte.	*Die wat baie gehad het, het vrylik gedeel met die wat min gehad het.*
46	Hulle het almal elke dag getrou by die tempel **bymekaargekom**, van huis tot huis die gemeenskaplike **maaltyd** gehou, hulle kos met blydskap en in alle eenvoud **geëet**.	*Hulle het kerk toe gegaan, hulle het ander mense na hulle huise toe genooi, hulle was gasvry en hulle het saam geëet.*
47	en God **geprys**. Die hele **volk** was hulle goedgesind. En die **Here** het elke dag mense wat gered word, by die gemeente gevoeg.	*Hulle het Jesus liedjies gesing. Ander mense het gesien hoe hulle geleef het en daarvan gehou. Die Here het nog mense deel van hulle groep/gemeente gemaak.*

Hierdie verhaal herinner ons daaraan dat om 'n gemeente of groep te wees wat omgee vir mekaar, ons die regte bestanddele moet gebruik. Net soos met koekbak, is daar goeie en slegte bestanddele.

◊ Meel – om te deel en gaaf te wees
◊ Suiker – om Bybel te lees
◊ Eiers - om vir ander te sorg
◊ Kakoa – om te bid
◊ Melk – om saam te kuier of saam te eet
◊ Bakpoeier – om te sing (lofprysing)
◊ Peper – om te stry of lelik te wees (boelie en name noem)
◊ Asyn – om suinig en selfsugtig te wees
◊ Tamatiesous – om te weier om kerk toe te gaan of te bid

Geheue aktiwiteit met ballonne

Wys na die 6 ballonne met die woorde op wat elkeen by 'n prent hang:

◊ GEDEEL
◊ GESORG
◊ GEËET en GEKUIER
◊ GELEER (Bybel)
◊ GESING
◊ GEBID

Die woorde op die ballonne word geleer en dan word die ballonne een vir een gebars in enige volgorde. (Almal moet dan help ont-hou wat daardie woorde was. Hulle kan dit ook met aksies ont-hou wat jy vir hulle leer.)

Dis die GEES wat ons help met die G's!

Wonderstellings:

1. Ek wonder van watter deel van die verhaal het jy die meeste gehou.
2. Ek wonder watter deel van die verhaal dink jy is die be-langrikste.
3. Ek wonder hoe jou sou voel om deel te wees van die eerste gemeente.

WERSKAF

- Gebedsblokkie: Kopieer die gebedsblokkie op karton vir elke kind. Knip dit vooraf uit op die buitelyne en vou op die binneste lyne. Laat die kinders die prente inkleur. Maak elke blokkie klaar deur die ekstra deeltjies aan die boksie se binnekant vas te plak. Laat die kinders speel deur die gebedsblokkie te gooi soos 'n dobbelsteen. Die prentjie wat bo land, is die onderwerp. Bespreek die onderwerp met die vraag: Hoe kan jy gaaf wees.... (bv. by die skool, vir arm mense, ens.)
- Gebedsmoment: Daarna kan daar met die gebedsblokkie as hulpmiddel gebid word. Gooi die gebedsblokkie en bid dan oor die prentjie wat bo land. Elkeen kry 'n beurt.
- Koekies versier: Versier saam kolwyntjies of Mariekoekies (sit ook 'n G op). Herinner mekaar aan die 6 G's. Deel en eet saam.
- Vlaggies: Elkeen maak 'n vlaggie met 'n woord of 'n vriendelike gesiggie op en neem dit huis toe.
- Koevert-aktiwiteit: Plak vir elke kind 'n koevert op 'n karton vas (soos op die foto). Laat hulle die koevert soos 'n kerk versier en die roomysstokkies soos volwassenes en/of kinders. Laat hulle die stokkies in die koevert sit en die teks opskryf: Psalm 122:1: "Kom ons gaan na die huis van die Here.")

Sluit af met die seënbede soos by ontmoeting 8.


SCHOOL

PreKinders.com
Let us go to the house of the Lord!
Psalm 122:1